

2014 04 13

EVANGELISASIE – **BYBELVERSPREIDING** (Katkisasieklasse - Gr 6 & 7) en **BORG-n-Bybel**

Ek verwys na die aangehegte verslag en die bogenoemde 2 aksies en rig graag die volgende versoeke aan u vir oorweging:

1. Dat bogenoemde 2 aksies saamgevoeg en bestuur word deur die huidige komitee van Borg-n-Bybel om die volgende redes:
 - a. Die Bybelverspreiding aksie het 'n ander wending begin aanneem as net die Karl Bremer Hospitaal aksie. Ek dink dat dit 'n meer verantwoordelike manier is om Bybels te versprei aan minder bevoorregtes.
 - b. Evangelisasie moet ook met die verkondiging van die Woord gedoen word. Daar is bestaande kerke (instansies) wat reeds Woord verkondiging doen aan armes wat nog nooit 'n Bybel besit het nie. Hierdie mense wil graag die Woord hoor en 'n Bybel besit. Van die kerke het gehoor dat ons Bybels uitgee en ons kry nou formele versoeke om te help.
 - c. Versoeke soos bogenoemde behoort voor 'n komitee gelê te word om die meriete van die versoeke te oorweeg en dit dan goedkeur of afkeur.
 - d. Alle katkisasiekinders (nie net die Gr 6 & 7) kan deel vorm van hierdie aksies, om te help met die insameling van fondse op verskillende maniere en ook betrokke wees by die oorhandiging van die Bybels.
 - e. Die Bybelgenootskap van SA is ook besig met 'n projek 'Bybel vir die armes' (verwys die aangehegte inligtingstuk gedateer Februarie 2014). Ek het hulle reeds gekontak insake die versoek om 70 Bybels wat ons aan die Solid Rock Outreach Ministries oorhandig het. Hulle is bereid om vir ons 50 van die 70 gratis te skenk.
 - f. Meer aksies, soos bogenoemde, kan op 'n verantwoordelike wyse in samewerking met die Bybelgenootskap gedoen word om Bybels aan die armes te versprei.
 - g. Aangesien 'n hele komitee betrokke is, kan werklading verdeel word en beter kontrole kan gehandhaaf word met die aankoop, skenk en oorhandiging van Bybels. Gereelde verslae kan aan die skriba en kerkraad voorsien word. Inligting behoort ook gereeld aan die gemeente verskaf te word om bydraes te motiveer vir die aankoop van die Bybels en ook vir die Borg-n-Bybel projek.
2. Die alternatief tot bogenoemde is dat ons net met die Borg-n-Bybel fondsinsameling (waarby die hele gemeente betrokke kan wees) voortgaan en die Bybelgenootskap slegs finansiële ondersteun om Bybels aan die armes te verskaf.

U besluit en riglyne vir die pad vorentoe sal waardeer word.

From: Geref Kerk Bellville [<mailto:skriba.gkbellville@gmail.com>]

Sent: 23 April, 2014 9:50 PM

To: Debbie Joubert

Subject: Re: Evangelisasie - Bybelverspreiding en Borg-n-Bybel Projek

Goeie dag Tannie

Ek gee graag die volgende terugvoer vanaf die Bree Kerkraadsvergadering.

Die kerkraad het die voorstel dat die Bybelverspreiding en Borg-'n-Bybel projek saamgevoeg word goedgekeur.

Daar is groot dank uitgespreek vir die werk wat gedoen word.

Baie dankie vir Tannie en die res van die komitee se ywer en harde werk!

Groete

Jaco Cilliers